Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

2024-02-12

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 3/2024

Neem asb kennis van die *interhuisgala* wat volgende week Dinsdag 20 Februarie plaasvind. Alle leerders in die skool verdaag om 09:30. Swemmers rapporteer om 09:45 by die swembad en die gala begin om 10:00. Neem ook kennis van die *skoolbeheerliggaamverkiesing* wat op 6 Maart vanaf 07:00-18:00 by die skool plaasvind.

SKOOLBEHEERLIGGAAMVERKIESINGS – 2024

Nasionaal, vind alle beheerliggaamverkiesings hierdie jaar vanaf 1-31 Maart plaas. Die Laerskool Stulting Beheerliggaam het 6 Maart 2024 gekies as die datum waarop die verkiesing by Laerskool Stulting sal plaasvind. Die verkiesing is ‘n heeldag-formaat en ouers kan enige tyd vanaf 07:00 tot 18:00 by die skool hul stem laat tel.

Alle ouers moet van die geleentheid gebruik maak om te stem. U kan in die skoolsaal stem wanneer u u kind/ers in die oggend by die skool aflaai, of tussen 13:00-14:00 kom oplaai, of na werk 17:00. Die lokaal sal egter heeldag oop wees vir ouers wat gou wil kom stem.

SBL verkiesingsdatum:	Woensdag 6 Maart 2024
Verkiesingsmetode:	Heeldag verkiesing (07:00 – 18:00) in die skoolsaal
Nominasievorms:	By die kantoor beskikbaar vanaf 14 Februarie 2024
Nominasies sluit:	Woensdag 28 Maart 2024 om 12:00
Stemlys:	Stemlyste kan vanaf 14 Februarie by die kantoor nagegaan word waarna dit op 28 Februarie sluit.
Wie mag stem:	Twee ouers per familie

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

STULTING ONDERSTEUNERSKLUB

Bring-en-braai: Alle ouers word uitgenooi om vanaf 17:00 op 6 Maart (nadat u gestem het) by die klubhuis te kom braai. Bring jou eie vleis en versnapperinge saam. Kinders welkom.

SPORT

Interim buitemuurse rooster: Alle leerders het die interim-rooster ontvang. Aktiwiteite het op Maandag 12 Februarie. Ons verwag dat alle leerders in die skool aan ten minste een sport- of kultuuraktiwiteit deelneem. Deelname is belangrik vir die fisiese, emosionele en sosiale ontwikkeling van ons kinders.

Atletiek - Interhuisbyeenkomste: Baie dankie aan al die atlete wat tydens die twee interhuisatletiekdae deelgeneem het. Dankie ook vir die moeite wat die interhuisspanne gedoen het om die optog Vrydag so kleurvol te maak.

Die volgende atlete het die meeste punte in hul ouderdomsgroep behaal:

Dogters	**Seuns**
o/7 Liviané van Niekerk	o/7 Du Preez van Zyl
o/8 Bella Oberholzer	o/8 Cadon Karolisin
o/9 Nina Bredell	o/9 Jaymar Swarts
o/10 Ryder Warner	o/10 Chaiden Mey
o/11 Simoné van der Walt	o/11 Kian van Tonder
o/12 Mila-Rose Cupido & Hanna Ferreira	o/12 Johan van Tonder
o/13 Mieke Vermaak	o/13 Hanro Janse van Rensburg
o/15 Giano Fourie	o/15 Keanan Lemley

Die volgende rekords is deur Simoné en Mieke opgestel:

1. Simoné van der Walt — D o/11 — Gewigstoot – 9,24 m
2. Simoné van der Walt — D o/11 — Gewigstoot – 9,32 m
3. Mieke Vermaak — D o/13 — Diskus - 26,68 m
4. Mieke Vermaak — D o/13 — Diskus - 27,91 m

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Spanuitslae:

1. Rooi - 1160
2. Swart - 979
3. Goud - 868

Victrix Lodorum: Simoné van der Walt

Victor Lodorum: Johan van Tonder

Atletiek – Humansdorp Sonebyeenkoms: 76 atlete neem deel aan 28 verskillende items by Nico Malan.

Atletiek - Kouga Sonebyeenkoms: 18 atlete is gekies om aan 13 items deel te neem. Die diskus en spiesgooi atlete gaan direk by die Sarah Baartmanbyeenkoms (14 Februarie) deelneem. Volgens nuwe reëls neem die o/7 tot o/9 atlete nie verder aan byeenkomste deel nie.

Atletiek - Sarah Baartmanbyeenkoms: Hierdie byeenkoms vind Woensdag 14 Februarie by die Oval in Port Elizabeth plaas. Ons sal ook die program aan die atlete versprei sodra dit beskikbaar word.

Swem - Interhuisgala: Laerskool Stulting se interhuis gala vind Dinsdag 20 Februarie by Hoërskool Nico Malan se swembad plaas. Alle leerders verdaag om 09:30 vanaf die skool. Alle swemmers moet 09:45 by die swembad ontmoet. Die gala begin om 10:00.

Swemmers moet hul swart kostuums en ‘n swempet dra. Swemmers moet hulle skoolsweetpakke oor hulle swemklere dra. Die skool se swart sportbroek en skool T-hemp is ook aanvaarbaar. Geen ander sweetpak, kostuum of T-hemp mag gedra word nie. ‘n R10 ingangsfooi sal gehef word. Daar sal ook ‘n snoepie beskikbaar wees.

Netbal – Netskills: ‘n Netbalafrigtingskursus word eerskomende Vrydag en Saterdag deur Netskills aangebied. Briewe met die nodige inligting is reeds aan alle leerders versprei. U kan Juf. Carla by die skool skakel indien u meer inligting verlang.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

KULTUUR

Interklasvoordrag – 16 Februarie: Al ons leerders het reeds hul gedigte ontvang. Die voordrag is verpligtend aangesien die punte ook as mondelinge punt gebruik word.

ALGEMEEN

Gesondheidsondersoeke – Gr. 1: Neem asb. kennis van die toestemmingsbriewe t.o.v. die HPV/TD/Ontwurmingsprogram in skole deur die Departement van Gesondheid.

Fondsinsameling: Elke leerder ontvang ‘n voorafgenommerde lootjieboek. Die boekie bevat 20 kaartjies wat teen R 20 elk verkoop moet word (R 400). Verkoop asb. die kaartjies aan u vriende, kollegas en kennisse. Waardevolle pryse ter waarde van meer as R 24000 kan gewen word wanneer die gelukkige trekking in die tweede kwartaal plaasvind. Hierdie boekie moet asb. veilig bewaar word. Alle boekies en die R 400 moet in die begin van die tweede kwartaal op Woensdag 3 April 2024 aan die skool terugbesorg word.

Ons dank u by voorbaat vir die positiewe gesindheid teenoor hierdie projek. Die inkomste word gebruik om die skool se nuwe klubhuis asook belangrike instandhouding van ons voertuie te finansier.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF